*Communicare 8(2):71-72*

## Die laaste woord

# Kompromie binne die konteks van onderhandelingspolitiek

**Johan Degenaar**

Suid-Afrika is betrokke by 'n heel dramatiese periode van sy geskiedenis. Die vrylating van sogenaamde politieke gevangenes het 'n groot bydrae gelewer tot die feit dat die proses-karakter van politiek prominensie begin verkry het in Suid-Afrika en saam daarmee ook die stemminge van vrees en hoop.

Die tema van ons gesprek stel drie sentrale konsepte aan die orde: politiek, onderhandeling en kompromie. Dit is nodig dat ons op 'n sistematiese wyse na dié drie begrippe kyk omdat al drie 'n belangrike rol gaan speel in die onmiddellike toekoms in sowel die praktyk as die teorie van die politiek.



*Johan Degenaar is professor in filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch.*

### Politiek

Ek stel voor dat ons eers kyk na die betekenis van die woord politiek omdat ons opvatting oor politiek implikasies het vir die manier waarop ons oor onderhandeling en kompromie praat.

Die woord politiek kan op verskillende maniere gedefinieer word. Bekend is die definisie van politiek as die "kuns van regering". Indien ons 'n normatiewe dimensie hierby voeg, kan ons byvoorbeeld sê dat politiek 'n "wisselwerking is tussen drukgroepe" of nog sterker "'n magspel tussen opponerende partye". Ek verkies die beskrywing "wisselwerking tussen drukgroepe" — in Engels "interplay of pressures" — omdat dit verbind is met die idee van 'n proses van demokratisering. Ek verkies die beskrywing "wisselwerking tussen drukgroepe" — in Engels "interplay of pressures" — omdat dit verbind is met die idee van 'n proses van demokratisering.

Een van die waardes van demokrasie is die verspreiding van mag oor die hele samelewing. En dit impliseer die erkenning van drukgroepe met verskillende belange, opvattinge en argumente. Die demokrasie vereis wel dat die pluraliteit van groepe ten minste op een punt saamstem en dit is ten opsigte van 'n prosedure om geskille te besleg. En dit is binne hierdie konteks dat onderhandeling, bedinging en kompromie ter sake is.

Om politiek te sien as 'n wisselwerking tussen drukgroepe vrywaar ons van die volgende oorvereenvoudiginge ten opsigte van die politiek:

1. Die romantiese opvatting van die politiek asof dit sou gaan om die broederskap van alle mense wat die basis van politiek sou wees.
2. Die outoritêre opvatting van politiek wat 'n alles-of-niks benadering daarop nahou en geen toegewinge aan opponente wil maak nie. Wanneer die religie hierby ingeskakel word, is dit nog erger omdat die onversetlike houding op religieuse wyse geregverdig word.
3. Kulturele imperialisme wat veronderstel dat kulturele homogeniteit 'n noodsaaklike voorwaarde vir politiek is.
4. 'n Pasifistiese opvatting van politiek waardeur



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

die rol van politiek sou wees die uitskakeling van konflik eerder as die vind van prosedures om 'n destruktiewe konflik te omvorm tot 'n kreatiewe konflik.

## Onderhandeling

Die opmerkinge oor politiek as 'n wisselwerking tussen drukgroepe het reeds aangedui dat onderhandeling 'n belangrike komponent van politiek is. Politiek veronderstel verspreiding van mag oor die hele samelewing. Konflikte is onvermydelik en die strategie van onderhandeling is noodsaaklik om dié konflik te hanteer. Hoe meer onderhandeling, hoe meer demokrasie. Hoe minder onderhandeling, hoe meer outoritêr is die regering.

Politiek van onderhandeling kan onderskei word van politiek van polarisasie wat oor 'n lang tydperk reeds tiperend is van ons tragiese situasie. Onderhandeling is 'n proses van beraadslaging en bedinging met die oog op kompromie. Dit bestaan uit 'n verskeidenheid van eienskappe:

1. Die deelnemers besef dat daar geen oplossing is vir die konflik deur polarisering nie.
2. Die doel is nie om mekaar te bekeer nie, maar om kompromie aan te gaan.
3. Bedinging veronderstel kompetisie sowel as samewerking.
4. Die beginsel van gelykheid moet vir alle deelnemers geld.
5. Konsensus wat bereik word, is 'n aanduiding van sukses.
6. Onderhandeling vereis 'n kontrak-sone wat nie veronderstel kan word nie, maar waaraan hard gewerk moet word.

## Kompromie

Ons het skynbaar 'n ompad geloop om by kompromie uit te kom, maar dit is nie sonder rede nie, want politiek, onderhandeling, bedinging en kompromie is nou met mekaar verweef.

Kompromie is dié skikking van 'n geskil deur wedersydse toegewinge. Dit hang saam met die opvatting van politiek as 'n samespel van drukgroepe waarin konflik as onvermydelik aanvaar word, en met die opvatting van onderhandeling as 'n proses van bedinging om die konflik te hanteer. Kompromie word bereik wanneer die deelnemers gewillig is om 'n wedersydse belofte te maak met die oog op die toekoms.

Kompromie veronderstel, nes onderhandeling, kompetisie en samewerking. Dit is die eienskap van kompetisie wat ons in staat stel om te onderskei tussen gewone samewerking en samewerking op die basis van kompromie wat wedersyds toegewinge impliseer. Daar is 'n morele komponent in hierdie proses wat daarin bestaan dat daar 'n morele legitimiteit deur die deelnemers aan mekaar toegeskrywe word.

Die volgende voorwaardes van politieke kompromie kan aangestip word:

1. Die deelnemers besef dat die konflik vir alle groepe vernietigend is.
2. Hulle besef dat nie een groep alleen as oorwinnaar uit die stryd kan tree nie.
3. Die bestaan van 'n kontrak-sone waar die beginsels van die kompromie tot stand gebring word.
4. Die erkenning van gelyke bedingingsmag vir alle partye.
5. Die verpligting tot beginsels wat elke party afsonderlik nie sou voorgestaan het nie.
6. Alhoewel alle partye onvermydelik eie belange, opvattinge en argument voorstaan, moet die oriëntasie op die eie groep vervang word deur 'n oriëntasie wat ingestel is op die oplossing van die ter sake probleme. Anders gestel: die konflik moet gesien word as 'n dringende probleem wat opgelos moet word eerder as 'n stryd wat gewen of verloor moet word.

## Konklusie

Wat Suid-Afrika betref, kan ons sê dat ons keuse vir onderhandeling of burgeroorlog saamhang met die wyse waarop ons teoreties en prakties omgaan met politiek, onderhandeling, bedinging en kompromie.

Waarop ons veral bedag moet wees, is die politiek van bedrog wat inhou dat verligtes van regs en links die idioom van onderhandeling en kompromie sal hanteer sonder om dit substansie te gee. Dit sal kontra-produktief wees en gevaarlik vir toekomstige ontwikkeling.

Maar veral sal dit 'n fatale misbruik wees van die historiese geleentheid wat aan ons gegun word. En dit is tragies want dit gaan om niks minder nie as die lewe en die dood van 'n gemeenskap en van 'n land.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).